

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal

STUDY

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ [www.saexampapers.co.za](http://www.saexampapers.co.za)



SA EXAM  
PAPERS



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GESKIEDENIS V1  
FEBRUARIE/MAART 2015  
ADDENDUM**

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

**VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE PROBEER OM TUSSEN 1946 EN 1951 INVLOEDSFERE IN EUROPA TE VESTIG?****BRON 1A**

Winston Churchill, Britse Eerste Minister, het sy Ystergordyn-toespraak op 5 Maart 1946 by Westminster College in Fulton, Missouri gelewer.

'n Skaduwee het oor die tonele geval wat nog onlangs deur die Geallieerdes se oorwinning verlig is. Niemand weet wat Sowjet-Rusland en sy kommunistiese internasionale organisasie beplan om in die onmiddellike toekoms te doen nie, of wat die beperkings, indien enige, van hulle uitbreidingsneigings is nie.

Vanaf Stettin in die Baltiese streek tot by Triëst in die Adriatiese streek het daar 'n *Ystergordyn* oor die kontinent neergedaal. Agter daardie lyn lê al die hoofstede van die antieke state van Sentraal- en Oos-Europa, Warskou, Berlyn, Praag, Wenen, Boedapest, Belgrado, Boekarest en Sofia. Al hierdie beroemde stede en die bevolkings daar rondom is geleë in die deel wat ek die Sowjetsfeer moet noem en almal is op een of ander wyse nie net aan Sowjet-invloed nie, maar tot 'n baie groot en in sommige gevalle 'n toenemende mate, van druk uit Moskou onderworpe. Slegs Athene – Griekeland met sy onsterflike (ewige) glorie – is vry om oor hul toekoms te besluit in 'n verkiesing onder Britse, Amerikaanse en Franse waarneming. Die Russies-gedomineerde Poolse regering is aangemoedig om enorme en onregmatige inbreuk op Duitsland te maak en die massa-uitsetting (verwydering) van miljoene Duitsers, op 'n ernstige en ongehoorde skaal, vind nou plaas. Die kommunistiese partye wat baie klein in al hierdie oostelike state van Europa was, is tot superioriteit en mag ver bokant hulle getalle verhef en streef oral daarna om totalitêre beheer te bekom. Polisiestate het in amper alle gevalle die oorhand gekry en sover, behalwe in Tsjeggo-Slowakye, is daar geen ware demokrasie nie.

[Uit: [www.historyguide.org/winstonchurchill/ironcurtain.html](http://www.historyguide.org/winstonchurchill/ironcurtain.html).  
Toegang op 13 Desember 2013 verkry.]

**BRON 1B**

Hierdie bron beklemtoon die rol wat Dean Acheson, Adjunk- Minister van Buitelandse Sake in George Marshall se administrasie, gespeel het om in 1947 die Amerikaanse Kongres te beïnvloed om Truman se beleid aan te neem.

... Acheson het ook 'n deurslaggewende rol in die ontwikkeling van politieke en ekonomiese instellings van Truman se Koue Oorlog gespeel. Vroeg in 1947, met Byrnes uit en George Marshall in as die minister van buitelandse sake, het die anti-kommunistiese regerings van Turkye en Griekeland beweer dat hulle onder sterk Sowjetdruk was en nie hulle eie oorlewing kon waarborg nie. Oortuig daarvan dat die Verenigde State die Turkse en Griekse regerings moes help, het die regering nietemin voor die moeilike taak gestaan om 'n fiskaal (finansieel) versigtige Kongres te oorreed om die hulp te verleen wat hierdie regerings moes ondersteun.

Truman het op 27 Februarie 'n vergadering tussen regeringsamptenare en 'n handvol leiersenatore en -kongreslede belê met die hoop om die wetgewers te oorreed. Acheson het hierdie ontmoeting beskryf as 'Armageddon' ('n term wat gebruik word om die einde van die wêreld te beskryf). Marshall het eerste gepraat en die behoefte dat die Verenigde State moes optree beklemtoon, want dit was die regte ding om te doen en omdat niemand anders sou help nie. Die wetgewers het ongeërg voorgekom. Was dit Amerika se geveg? Was die rekening (koste) waarskynlik baie hoog? Acheson het gevra om te praat.

Hy het onmiddellik die voorwaardes van die debat verander. Die krisis in Suidoos-Europa, het hy gesê, was nie 'n plaaslike onderonsie (klein rusie) nie, maar een wat die twee Koue Oorlog-magte betrek het. Die Sowjette het druk op Turkye en Griekeland uitgeoefen, net soos hulle druk op Iran uitgeoefen het. Daar was 'n reusagtige deel van die vrye wêreld op die spel, want indien Griekeland kommunisties sou word, 'soos appels in 'n bak wat deur 'n vrot een aangesteek word, sou die korrupsie van Griekeland Iran en almal na die Ooste toe aansteek. Dit sou ook die infeksie na Afrika oordra deur Klein-Asië en Egipte, en Europa deur Italië en Frankryk', wat hulle eie kommunistiese bedreigings in die gesig gestaar het. Net die Verenigde State het in die pad van 'n kommunistiese aanslag gestaan wat, indien suksesvol, vryheid sou onderdruk en alle hoop op ekonomiese herstel in dele van drie kontinente sou vernietig. Die kongresleiers was beïndruk en op 12 Maart het die verklaring van die Truman-leer, wat belowe het dat die Verenigde State kommunisme oral sou beveg, gevolg.

[Uit: <http://www.americanforeignrelations.com/A-D/Cold-Warriors-Dean-acheson.html>.  
Toegang op 13 Desember 2013 verkry.]

**BRON 1C**

Die volgende uittreksel deur David Reynolds, 'n geskiedkundige by Cambridge Universiteit (Engeland), fokus op die reaksie van die Sowjetunie tussen 1947 en 1951 op die implementering van die Truman-leer en die Marshall-plan.

Die Sowjetreaksie was ewe belangrik. Die Russe het 'n afvaardiging, tagtig man sterk, na Parys gestuur, waar die Europese Herstelprogram (Marshall-plan) uitgestippel is en Oos-Europese lande soos Tsjeggo-Slowakye en Pole lewendige belangstelling getoon het. Maar Stalin het die Amerikaanse aanbod as 'n uitdaging vir sy invloedseer beskou. Hy het die Tsjegge en andere teen deelname gewaarsku en die Sowjet-afvaardiging onttrek.


Daardie herfs het hy ideologiese oorlog teen Westerse kapitalisme verklaar deur Kominform (die Kommunistiese Inligtingsburo) te stig om buitelandse kommunistiese partye te orkestreer (reël) en die koalisiestrategie (samerwerking) in Frankryk en Italië te vervang met stakings wat bedoel was om die regerings te laat val. In die Ooste het Sowjet-invloed nou Sowjet-oorheersing geword. Die staatsgreep in Februarie 1948 in Tsjeggo-Slowakye is deur die stalinisasie van die grootste deel van die streek gevolg. Almal, behalwe kommuniste, is verbied (verban), diegene wat onafhanklik van Moskou was, is gesuiwer (is van ontslae geraak), landbou en swaar nywerhede is onder staatsbeheer geplaas, en burgerlike en politieke vryhede is stelselmatig afgeskaf.

Die Tsjeggiëse staatsgreep en die Berlynse krisis het baie gedoen om die Sowjetbeeld in Europa skade te doen, selfs in Frankryk waar die Kommunisteparty steeds 'n kwart van die stemme in verkiesings gekry het. Ewe belangrik is dat Marshall-hulp, wat goed geadverteer is, besig was om harte en sienswyses te wen. Tussen 1948 en 1951 het die Verenigde State ongeveer \$13 biljoen in Wes-Europa belê; in dieselfde tydperk het die Sowjetunie min of meer dieselfde bedrag uit hulle deel van die kontinent geneem.

[Uit: *The Oxford Illustrated History of Modern Europe*, deur TCW Blanning geredigeer]

**BRON 1D**

Hierdie spotprent is deur 'n Britse spotprenttekenaar, EH Shepard, geteken. Dit het op 18 Junie 1947 in 'n Britse satiriese (sarkastiese) tydskrif, *Punch*, verskyn. Dit toon Truman en Stalin as twee huurmotor (taxi)-bestuurders wat by die Balkan- en Distrik-spoorwegstasie vir klante met mekaar meeding.



[Uit: [www.johndclaire.net/cold\\_war8.htm](http://www.johndclaire.net/cold_war8.htm). Toegang op 13 Desember 2013 verkry.]

**VRAAG 2: WATTER FAKTORE TUSSEN 1975 EN 1976 HET TOT DIE UITBREEK VAN DIE BURGEROORLOG IN ANGOLA BYGEDRA?****Agtergrondinligting**

Die Portugese diktator, António de Oliveira Salazar, is in 1974 deur 'n militêre staatsgreep uit sy amp verwyder. Die nuwe Portugese regering het aangekondig dat hulle onafhanklikheid aan die vryheidsbewegings sou toestaan wat vir die onafhanklikheid van koloniale gesag geveg het. In die mineraalryke Angola was daar drie mededingende vryheidsbewegings wat almal die land na onafhanklikheid wou beheer. Hierdie magstryd in Angola is deur die inmenging van buitelandse moondhede, soos die VSA, die USSR, Kuba, China en Suid-Afrika, uitgebuit. Angola het dus die nuwe fokuspunt van Koue Oorlog-spanning in Afrika geword.

**BRON 2A**

Die volgende uittreksel verduidelik die omstandighede waaronder die Alvor-ooreenkoms op 15 Januarie 1975 deur die drie Angolese vryheidsbewegings onderteken is.

Onder druk van die OAE is die drie nasionalistiese leiers, Holden Roberto (FNLA), Agostinho Neto (MPLA) en Jonas Savimbi (UNITA), in Januarie 1975 in Kenia bymekaargebring, waar hulle tot wedersydse erkenning ingestem het en om onderhandelings oor die oorgang (verandering) van Portugese regering na onafhanklikheid aan te knoop. Die onderhandelings het op 10 Januarie na die Algarve in Portugal verskuif en dit is daar op 15 Januarie afgesluit met 'n ooreenkoms wat as die Alvor-ooreenkoms bekend staan.

Volgens die Alvor-ooreenkoms sou Angola deur 'n koalisieregering bestuur word, wat uit die drie nasionalistiese groepe en die Portugese sou bestaan, tot op 11 November 1975, wat as onafhanklikheidsdag vasgestel is. Verkiegings vir 'n grondwetgewende vergadering sou in Oktober plaasvind. Gedurende die oorgangstydperk sou Portugal 'n weermag van 24 000 man in Angola behou. Die drie nasionalistiese bewegings sou intussen 8 000 man elk tot die stigting van 'n nasionale weermag bydra.

Die nasionaliste het ook ooreengekom om in Januarie 1975 hulle militêre posisies op te skort. Ten tyde van die Alvor-ooreenkoms het die FNLA 'n onmiskenbare militêre voordeel gehad. Hulle het 'n gewapende mag, op 15 000 troepe beraam, gehad wat redelik goed toegerus was en wat verder deur Daniel Chipenda se guerrillaweermag, wat van die MPLA weggebreek het en 'n paar duisend sterk was, ondersteun is. In vergelyking hiermee het die MPLA ongeveer 3 000 opgeleide guerrillas onder sy bevel gehad, alhoewel hulle besig was om hulle magte vinnig te vergroot deur werwing, hoofsaaklik in die Luanda-area. UNITA het ook sterk onder die Ovimbundu gewerf.

Die nuwe oorgangsregering het op 31 Januarie 1975 oorgeneem in 'n klimaat wat deur agterdog en wantroue oorheers is.

[Uit: *The First Dance of Freedom* deur Martin Meredith]

**BRON 2B**

Die volgende uittreksel verduidelik die internasionale ondersteuning wat die drie nasionalistiese bewegings tydens die burgeroorlog in Angola gekry het. Dit het die oorgangsregering, wat deur die Alvor-ooreenkoms wat op 15 Januarie 1975 onderteken is, tot 'n einde gebring.

Die anti-koloniale oorlog het onmiddellik 'n burgeroorlog geword. Die FNLA is deur Zaïre en die CIA (die Amerikaanse Intelligensiediens) ondersteun wat dit as die mins Marxisties van die drie beskou het, maar dit het nooit uit sy etniese grense gebreek nie en het gou gekwyn.

UNITA is deur Zambië ondersteun en toe deur Suid-Afrika ... [toe] het Savimbi sy ideologiese standpunt in 'n oogwink van Maoïsme (die beleid van kommunistiese China) na Reaganisme (die beleid van die kapitalistiese VSA) verander en die Verenigde State het hulle steun bygevoeg ... Behalwe dat Suid-Afrika en die Verenigde State se ondersteuning bekom is, het UNITA diamantsmokkelary na Zaïre georganiseer om gewere en voordeel (buit) vir Savimbi se volgelingen (lojaliste) in ruil daarvoor te kry ... UNITA het belonings aan jong mans gegee wat sou smokkel en veg en dit het die enigste manier geword waarop 'n bestaan gemaak kon word in 'n gebied wat andersins deur terreur en anti-terreur verwoes is.

Die MPLA het die eerste rondte van die burgeroorlog gewen deur Luanda te behou en uitwaarts voort te dryf, bygestaan deur Kubaanse troepe en indirekte Sowjet-ondersteuning. Hulle het ook die belasting van Franse en Amerikaanse oliemaatskappye geniet, wat bereid was om 'die staat', ongeag sy retoriek (ideologie), te betaal. Daardie retoriek was Marxistiese-Leninisme.

[Uit: *Africa Since 1940* deur Frederick Cooper]



**BRON 2C**

Hierdie foto is op 6 November 1975 in 'n Britse koerant, *The Guardian*, gepubliseer. Dit toon Portugese huursoldate en FNLA-troepe 32 km buite Luanda, na hulle mislukte poging om beheer van die hoofstad (Luanda) by die MPLA oor te neem.



[Uit: <http://warforslowreaders.blogspot.com/2012/04/fnla-offensive-stalls-mercenary-leader.html>.  
Toegang op 20 Maart 2014 verkry.]

**BRON 2D**

Die volgende brief is in 1976 deur Jonas Savimbi, leier van UNITA, aan President Kenneth Kaunda van Zambië gestuur na die MPLA-aanval op Huambo (UNITA se basis in Suidwes-Angola).

UNITA het 600 man in die slag van Huambo verloor. Die oorlogsmasjien wat Kuba en die Sowjetunie in Angola bymekaar gemaak het, is ongelooflik. Om die totale vernietiging van ons magte te voorkom, het ons besluit om onmiddellik terug te keer na *guerrilla*oorlogvoering. Die vriende (die CIA en die Verenigde State) wat belowe het om ons te help, het nie hulle beloftes nagekom nie en ons moet ons eie lot met moed en vasberadenheid in die gesig staar.

Ek het 'n versoek vir U Eksellensie: ... Hiermee saam stuur ek my een-en-sewentigjarige moeder, sodat sy in Zambië kan sterf. My suster en drie kinders en my twee kinders is saam met my moeder. Die Sekretaris-generaal se vrou met twee kinders en ons bevelvoerende Generaal se vrou met vier kinders vergesel hulle.

Ek en UNITA se Politieke Buro van die Sentrale Komitee bedank u weereens vir alles. Watter standpunt u regering ook al oor Angola inneem, sal ons met gelatenheid aanvaar. Dit is van die allergrootste belang dat Zambië oorleef en die liefde en bewondering wat ons met my kollegas deel oor u leierskap en wysheid sal voldoende wees om ons in die donker dae van ons land te troos.

... Ek het nog altyd probeer om tot die beste van my vermoë en moed in die belang van Angola en Afrika op te tree. Ek is nie 'n verraaier van Afrika nie en die moeilike dae wat ons vorentoe verwag, sal aan die wêreld bewys dat ek by my beginsels hou. In Angola is mag reg, maar ek sal in die bos bly en die roepstem vir regverdigheid wees.

Mag God u geliefde land seën,  
Mag God u seën.  
Savimbi Jonas.

[Uit: *In Search Of Enemies – A CIA Story* deur John Stockwell]

**VRAAG 3: WAS DIE INTEGRASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL IN LITTLE ROCK IN 1957 'N OORWINNING VIR DIE BURGERREGTE-BEWEGING?****BRON 3A**

'n Derde poging is op 23 September 1957 aangewend om die Hooggeregshof-beslissing uit te voer en nege swart Amerikaanse studente by Central High School, Little Rock, in te skryf. Alex Wilson, 'n swart Amerikaanse joernalis wat die storie vir die *Memphis Tri-State Defender* gedek het, beskryf hoe hy en drie ander joernaliste deur 'n skare wit segregasioniste aangeval is toe hulle oor die gebeure wat in Little Rock ontvou het, verslag gedoen het.

'n Skare van ongeveer een honderd het voor die skool gestaan. Hulle het na die skool gekyk (weg van ons af) en gewag dat die nege studente verskyn. Toe het iemand in die skare wittes ons sien aankom. Skielik was die kwaai oë van die hele spul op ons ... Twee mans het hulle arms soos 'n arend uitgesprei. Een het geskree: 'Julle sal nie verby kom nie!' Ek het probeer om na links van die skare te beweeg, maar my probeerslag is in die wiele gery (voorkom). Ek het 'n halwe draai links van die sypaadjie gemaak en na 'n Little Rock-polisieman gestap wat in die middel van die straat gestaan het. 'Wat is jou besigheid?' het hy gevra. Ek het my perskaart getoon. Hy het dit gevat en nagegaan. Toe het hy gesê: 'Jy beter loop. Gaan oor die sypaadjie.'

Die skare het toegeslaan. Ek het gesien hoe Davey mishandel word (brutaal aangeval) ... Hicks en Newsom het probeer om van die skoppe en houe weg te kom. Ek het vir 'n oomblik gestop toe die uitjouery en gespot agter my erger geword het.

Vreemd genoeg het die visioen van Elizabeth Eckford, een van die nege studente, toe sy 'n paar dae gelede met waardigheid tussen die spottende, uitjouende (skare) segregasioniste deurgestap het, my te binne geskiet. Miskien het my opleiding as 'n Amerikaanse seesoldaat in die Tweede Wêreldoorlog en my ondervinding as oorlogkorrespondent in Korea ... ook my besluit beïnvloed ...

Ek het besluit om nie te hardloop nie. As ek geslaan moes word, sou ek my man staan terwyl ek loop, as ek kon – nie terwyl ek hardloop nie.

[Uit: *In Little Rock* geredigeer deur Facing History and Ourselves]

**BRON 3B**

Die foto hieronder toon Alex Wilson, 'n swart Amerikaanse joernalis by die *Memphis Tri-State Defender* en 'n voormalige Amerikaanse seesoldaat, wat op 23 September 1957 deur 'n skare wit segregasioniste in Little Rock aangeval is.



Alex Wilson wat deur 'n skare wit segregasioniste aangeval word.

'n Blanke segregasionis het 'n baksteen gebruik om Alex Wilson teen sy kop te slaan voordat hy hom herhaaldelik geskop het.

[Uit: <http://www.choosingtoparticipate.org/explore/exhibit/stories/little-rock/next/2>.  
Toegang op 5 Desember 2013 verkry.]

**BRON 3C**

Die *Atlanta Daily Word* het die volgende artikel op 26 September 1957 gepubliseer. Dit verwys na 'n gedeelte van 'n telegram\* wat Martin Luther King Jr. aan Daisy Bates, leier van die National Association for the Advancement of Coloured People (NAACP) in Little Rock gestuur het.

Dr. Martin Luther King Jr., president van die Montgomery, Alabama Improvement Association, het die mense van Little Rock, Arkansas, aangespoor om Christelik en waardig in hulle stryd om integrasie te wees en om geweld met geweldloosheid te beveg.

Dr. King, bekende pastoor van Dexter Avenue Baptist Church in Montgomery, het gesê: 'Spoor die mense van Little Rock aan om nou 'n weg van geweldloosheid te volg. Ek weet dat dit moeilike raad is op 'n tydstip wat julle geterroriseer, met klippe gegooi en deur genadelose skares gedreig word. Maar geweldloosheid is die enigste blywende oplossing vir die probleem.'

'Beveg fisiese krag met geestelike krag. Julle het geen ander uitweg as om voort te gaan met die stryd vir geïntegreerde skole nie, maar doen dit met 'n diepgaande verbondenheid aan Christelike beginsels' ...

'Die geskiedenis is aan julle kant. Wêreldmening is aan julle kant. Die morele gewete van miljoene wit Amerikaners is saam met julle. Hou aan stry met hierdie geloof en die tragiese nag van anargie en straatbewind wat tans julle stad oorgeneem het, sal in die glansende dagbreek van vryheid en regverdigheid verander word.'

Die jong predikant het gesê dat hy 'optimisties' oor die integrasieproses is en het voorspel dat 'voor die eeuwisseling, segregasie en diskriminasie nie meer in Amerika sal bestaan nie.'

[Uit: [http://mlkpp01.stanford.edu/index.php/encyclopedia/documentsentry/dr\\_king\\_asks\\_for\\_non\\_violence\\_in\\_little\\_rock\\_school\\_crisis/](http://mlkpp01.stanford.edu/index.php/encyclopedia/documentsentry/dr_king_asks_for_non_violence_in_little_rock_school_crisis/).

Toegang op 5 Desember 2013 verkry.]

**\* 'n Telegram was soortgelyk aan 'n brief en is voor die 21<sup>ste</sup> eeu as 'n vinnige vorm van kommunikasie gebruik. Gewoonlik het 'n telegram 'n woordbeperking gehad.**

**BRON 3D**

In 1958 het Ernest Green die eerste swart Amerikaanse student geword wat by Central High School, Little Rock, gegraduateer het. In hierdie uittreksel uit 'n onderhoud wat baie jare later met Green gevoer is, dink hy terug aan die ondervinding om een van slegs nege swart Amerikaanse studente in 'n skool met meer as 2 000 leerders te wees.

Ons is deur die weermag by ons individuele huise opgelaai en na mev. Bates se huis, wat ons bymekaarkomplek was, geneem. Van daar het ons in 'n stasiewa geklim. Dit was 'n konvooi. Hulle het 'n jeep voor, 'n jeep agter en gewapende soldate in elkeen van hulle gehad. Ek dink daar was masjiengeweermonterings agter op die jeeps.

Die troepe sou ons elke dag skool toe bring. Aanvanklik het ons elkeen 'n valskermssoldaat gehad wat buite die klaskamer sou wag om ons na die volgende klas te vergesel sodat ons nooit alleen was nie ... Toe die segregasioniste besef het dat ons nie weggaan nie, het hulle begin terugkom (skool toe). En toe hulle terugkom, was die duiwel los ... Soos hulle die troepe in die gange onttrek het, is jy onderwerp aan allerhande beledigings, iemand wat probeer om jou te pootjie, wat ink oor jou uitgooi, wat op een of ander manier jou klere verniel en, die ergste van alles, iemand wat jou fisies aanrand ...

Nadat die segregasioniste begin terugkom het, het ek besluit dat ek dit deur daardie jaar sou maak. Buiten om geskiet te word, kon ek enigiets wat van hulle kant af gekom het, oorleef. Ek dink dit was 'n kombinasie van die familieondersteuning tuis en die verhouding wat tussen ons nege gegroei het ... Een ding wat ek dink baie belangrik is, is dat alhoewel die nege van ons dalk vooraf gekies is, daar in werklikheid nege, tien, dertig, veertig, vyftig kinders in elke gemeenskap was wat dit kon gedoen het. Dit was nie asof nege mense in Little Rock uit die lug geval het nie. Ons was almal gewone kinders. 'n Mens het werklik die vermoë om baie meer te doen as wat jy óf vertel is óf wat jy deur jou omgewing laat glo is. Indien jy die geleentheid kry, sal jy verras wees oor hoeveel jy kan doen, hoeveel jy kan bereik.

[Uit: [http://mlk-kpp01.stanford.edu/resources/lc/Lara\\_Burenin\\_KDHP\\_Unit.pdf](http://mlk-kpp01.stanford.edu/resources/lc/Lara_Burenin_KDHP_Unit.pdf).  
Toegang op 5 Desember 2013 verkry.]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Blanning, TCW. 1996. *The Oxford Illustrated History Of Modern Europe* (Oxford University Press, Oxford and New York)

Cooper, F. 2002. *Africa Since 1940* (Cambridge University Press, Cambridge)

Facing History and Ourselves, *In Little Rock* (2005)

[http://mlkpp01.stanford.edu/index.php/encyclopedia/documentsentry/dr\\_king\\_asks\\_for\\_non\\_violence\\_in\\_little\\_rock\\_school\\_crisis/](http://mlkpp01.stanford.edu/index.php/encyclopedia/documentsentry/dr_king_asks_for_non_violence_in_little_rock_school_crisis/)

[http://mlk-pp01.stanford.edu/resources/lc/Lara\\_Burenin\\_KDHP\\_Unit.pdf](http://mlk-pp01.stanford.edu/resources/lc/Lara_Burenin_KDHP_Unit.pdf)

<http://warforslowreaders.blogspot.com/2012/04/fnla-offensive-stalls-mercenary-leader.html>

<http://www.americanforeignrelations.com/A-D/Cold-Warriors-Dean-acheson.html>

<http://www.choosingtoparticipate.org/explore/exhibit/stories/little-rock/next/2>

Meredith, M. 1984, *The First Dance Of Freedom* (Hamish Hamilton Ltd, Great Britain)

Stockwell, J. 1978. *In Search Of Enemies – A CIA Story* (Norton, New York)

[www.historyguide.org/winstonchurchill/ironcurtain.html](http://www.historyguide.org/winstonchurchill/ironcurtain.html)

[www.johndclaire.net/cold\\_war8.htm](http://www.johndclaire.net/cold_war8.htm)